


# Q&A

*Sh'mot*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Eks. 1:1-6:1
**Haftarah:** Jes. 26:6-28:12, Jer. 1:1-2:3
**B'rit Hadashah:** Han. 8:4; 1 Kor. 14:18-25; Mat. 22: 23-33 en 41-46; Heb. 11:23

1. Op watter spesiale manier het Abba Vader Israel in Egipte geseën?
2. Hoe het die "nuwe koning" of Farao van Egipte die Israeliete beskou?
3. Wat was die name van die twee plekke wat die Israeliete vir die nuwe Farao gebou het?
4. Wat het gebeur toe die Egiptenare die Israeliete begin onderdruk het?
5. Die Israeliete was onder slawerny. Wat het hierdie slawerny behels?
6. Nadat die Israeliete swaar onderdruk is, wat was die volgende stap van Farao se bose plan, en wie moes hom daarmee help? Het hulle hom gehelp?
7. Hoe het Abba Vader gereageer op die misleiding van hierdie helpers?
8. Toe die komplot met die helpers misluk het, wat het Farao toe gedoen?

9. Wie het probeer om al die babaseuntjies te vermoor toe Yeshua gebore is?

10. Wie was Moses se pa en ma, en wat beteken hulle name?

11. Die Woord sê Moses was mooi. Hoeveel keer word dit in die Woord herhaal? Verwys dit na sy uiterlike (soos sy oë), of wat beteken dit werklik?

12. Wat het Moses se ma gedoen toe sy hom nie langer kon wegsteek nie?

13. Wat het met baba Moses gebeur nadat hy in die Nylrivier geplaas is?

14. Waarom is dit ironies dat Moses ’n aangenome prins van Egipte was?

15. Waarom het Moses ’n Egiptiese offisier doodgemaak?

16. Die volgende dag het Moses weer uitgegaan, en twee Hebreeuse manne was besig om te baklei. Wat het een van hulle vir Moses gesê wat hom laat vrees het?

17. Waarheen het Moses gevlug nadat hy die Egiptiese offisier doodgemaak het?

18. Wat was so ongewoon aan die bos wat Moses gesien het, en waar het hy dit gesien?

19. Watter verskonings het Moses vir Abba Vader gegee toe Hy hom geroep het om die kinders van Israel uit Egipte te verlos? Watter verskonings gebruik jy op Yeshua se opdrag in Matteus 28:19?

20. Watter wondertekens het Abba Vader vir Moses gegee, en waarom juis hierdie spesifieke tekens?